En was daar strate wat geteer was op daardie stadium en sou julle dit net uitgebrei het? -- Ja, dit is die hoofstrate wat baiekeer gebruik word deur busse.

Was hulle geteer? -- Ja.

En die ander hoofstrate wat julle sou teer, kan jy net (20) vir ons meer besonderhede daaromtrent gee? -- Byvoorbeeld 'n straat in die woonbuurt, maar 'n lang straat. Dit is die tipe strate wat ons in gedagte gehad het.

Is daar nog projekte wat julle wou aanpak? -- Die bou van 'n kleuterskool te Boipatong.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit 'n kleuterskool of 'n bewaarskool? -- Ek beskou dit as 'n creche, maar dit is 'n plek waar net die kinders gelaat word as die mense werk toe gaan.

MNR. JACOBS : Sou julle net een kleuterskool of creche dan gebou het in Boipatong? -- Dit is so. (30)

Nog verdere projekte wat julle wou aanpak? -- In Zone 11,

omheining op te sit by 'n dam in Zone 3 waar die kinders verdrink het. Dit is al wat ek kan onthou.

Was daar enige beplanning gedoen oor sportstadions of iets van die aard, sportgronde, fasiliteite parke? -- Ja, die opset van Kwaggastroom sportkompleks.

HCF : Waar is Kwaggastroom? -- Dit is net buite Sebokeng. Dit is 'n oop veld naby die stasie.

Dit is aan die oostekant van Sebokeng? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hierdie projekte wat julle wou aanpak, hoekom wou julle hulle aanpak? -- Die meeste van die goed was op (10) versoek van die gemeenskap, dat die gemeenskap versoek het dat dit nodig was.

Kan jy net vir ons een ding sê voor ons afstap daarvan, voor ek vergeet, is daar in enige van die woongebiede moeilikheid met stormwater of iets van die aard, wat huise oorstrom? -- Ja, Zone 13 en Zone 7. Die water vloei nie daar nie, want daar is geen drein nie.

Het julle enigiets daaromtrent beoog en beplan? -- Ja, ons was van plan om iets daaromtrent te doen. Eintlik was die ingenieurs besig om met die projek te werk om dit te (20) bewerk.

Vir hierdie verbeterings of projekte wat julle wou aangepak het, het julle beplan hoeveel dit julle sal kos? -- Ja.

En hoeveel het julle begroot sou dit kos? -- As ek nog reg onthou is dit R20 miljoen.

Het julle toe besluite geneem om hierdie projekte aan te pak en om die R20 miljoen in die hande te kry? -- Ja, die enigste manier om hierdie geld te bekom was om 'n lening te gaan maak.

En by wie was besluit om 'n lening te gaan maak? -- (30)
In die meeste van die gevalle praat hulle van "External loan."

Ek weet nie presies van wie kry hulle dit nie. Miskien van die sentrale goewerment. Daar is eintlik wat hulle leen van die sentrale goewerment.

Met wie het julle onderhandel vir 'n lening? -- Die tesourie-afdeling is die mense wat aansoek doen vir die lening.

HOF : Dit is nou u eie tesourie-afdeling? -- Van die Stadsraad.

As u praat van die Stadsraad, is dit die Lekoa Stadsraad of een van die Stadsrade van die omringende gebiede, soos Vanderbijlpark en Vereeniging? -- Lekoa Stadsraad.

MNR. JACOBS : Hoe het julle bespreek hoe sou die lenings (10) gedelg word? -- Ja, ons het.

Het julle 'n lening gekry om voort te gaan met hierdie projek? -- Nee, ons het nog nie begin met die aansoek van die lening nie. Ons het nog gewag dat na die ooreenkoms gesluit was met die gemeenskap en dit deur die Staatskoerant was, dan sou ons mense genader het vir 'n lening, want dan sou ons 'n ooreenkoms gehad het dat die gemeenskap die lening op 'n manier sal moet terugbetaal.

HOF: Hoe sou u die ooreenkoms sluit met die gemeenskap? -- Ons sou vergaderings gehou het en dit bekend gemaak het in (20) die koerante.

Met ander woorde, u sou die projekte propageer by die gemeenskap en dan die gemeenskap se toestemming daarvoor vra sodat u die lening kon opneem? -- Ja, dit was ons besluit gewees.

Sou die lening dan en die delging van die lening 'n verhoging in huur of in gelde te weeg bring? -- Die besluit was dat die huurgelde sal verhoog word.

MNR. JACOBS : Met hoeveel? -- R5,90.

HOF : Ek het gehoor dat die verhoging met R5,90 van krag geword het op 1 September 1984. -- Ja, dit is so. (30)

1984? -- As dit die geval was, was die verkiesing seker

... / in

in 1983. Dan het ek 'n fout gemaak.

Hierdie huurverhoging met R5,90 is dit die verhoging wat op 1 September 1984 van krag geword het of is dit 'n vorige verhoging wat u van praat? -- Die besluit omtrent die verhoging van die huurgeld met R5,90 moes dit volgens ons begroting begin het op 1 Julie.

Ja, maar ek het die datum van die jare 'n bietjie deurmekaar. Dit is my probleem. Van watter jaar praat ons nou? -- Dit is 1984.

Sou dit van krag moet word dan vanaf 1 Julie? -- Ja, (10) 1 Julie 1984.

En waar u vantevore gepraat het dat u verkies is in 1984, moet ek dit verander na November 1983? --Dit is reg.

Nou wil ek nog een ding met u opklaar oor hierdie aspek. Die mense het vir my vertel tot dusver in hierdie saak dat die huurgeld die verhoging sou begin 1 September 1984, die R5,90. Miskien het hulle vir my verkeerd gesê. Is daar 'n uitstel gewees van die verhoging van die huur vanaf 1 Julie na 1 September toe of was daar 'n ander huurverhoging? -- Dit moes eintlik begin het op 1 Julie, maar omdat die gemeenskap nog (20) nie in kennis gestel was nie, was dit toe uitgestel.

Om te begin op 1 September? -- Ja.

MNR. JACOBS : En was dit ook reg julle het ook nog nie die vergadering met die gemeenskap gehou nie? -- Ja, en dit was ook nog nie in die Staatskoerant bekend gemaak nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Net een punt, mnr. Jacobs, is nie vir my heeltemal duidelik nie. U het besluit om te begroot vir R20 miljoen. -- Ja.

U sou die gemeenskap raadpleeg en die gemeenskap se steun kry om die lening aan te gaan? -- Ja. (30)

Dan sou die huurgelde verhoog word? -- Dit was met die

... / oog

oog om aan die gemeenskap te verduidelik al hierdie vereistes wat julle wil hê moet gedoen word. Ons het R20 miljoen daarvoor nodig. Met die gevolg is, die huurgelde sal moet verhoog word om die R20 miljoen te kan dek.

Maar intussen is die huurgelde klaar verhoog? -- Nee, dit was nie verhoog nie.

R5,90 wat op 1 Julie in werking moes tree en toe op 1 September in werking getree het - wat gehief is vanaf 1 September 1984, was dit beoog vir die lening wat aangegaan sou word na raadpleging met die gemeenskap? -- Ja, dit is so. (10)

MNR. JACOBS : Het julle toe hierdie vergadering om die gemeenskap te raadpleeg belê? Met julle bedoel ek die raadslede? -- Daar was so 'n besluit geneem in die raadslede se vergadering waar daar toe besluit was ook oor die 5de Augustus.

19? -- 1984.

HOF : Is daar besluit om wat te doen? -- Dat elke raadslid 'n vergadering sal moet hou om die verduideliking aan sy mense in die "ward" oor te dra.

MNR. JACOBS : So, elke raadslid in sy eie kiesafdeling, om dit so te noem? -- Ja, dit is so. Waar daar twee raadslede (20) was in die onmiddellike omgewing, sou die twee raadslede bymekaar kom en een vergadering hou om die gemeenskap te laat besluit van wat gehou was.

Sou dit in die hele gebied, al die vergaderings op 5 Augustus plaasgevind het? Augustus 1984? -- Ja, dit was die besluit.

HOF : Die besluit was geneem op 5 Augustus. Wanneer moes die vergaderings plaasvind? -- Wat ek bedoel is, in 'n vergadering voor 5 Augustus was daar 'n besluit geneem dat vergaderings gehou moet word op die 5de. (30)

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Die raadsvergadering was nie op

5 Augustus nie, maar voorheen? -- Dit is korrek.

HOF: Is daar toe vergaderings gehou deur die gebied op 5 Augustus? -- Ek en die ander raadslid wat naby my is, het die vergadering gehou.

MNR. JACOBS : Waar het julle die vergadering gehou? -- Op die perseel van die superintendent se kantoor in Zone 3.

Is daar 'n saal beskikbaar vir die doel? -- Die saal is klein. Die vergadering was op die ope erf daar buitekant gehou.

'n Plein, 'n binneplein? -- Ja.

HOF : Onder die blote hemel op die perseel? -- Ja. (10)

MNR. JACOBS : Het julle die vergadering geadverteer en die mense laat weet van die vergadering in jou gebied of in jou en die ander raadslid se gebiede? -- Die superintendent se bakkie was gebruik met 'n luidspreker, Donderdag en Vrydag, dit wil sê die Donderdag en Vrydag net voor die Sondag van die vergadering.

Waarvoor was dit gebruik, die luidspreker op die bakkie? -- Dit was gebruik om die mense in kennis te stel dat daar 'n vergadering gehou sal word aangaande huurgelde wat verhoog moet word. (20)

En om hulle te nooi na die vergadering toe? -- Ja, dit was die doel.

En was hulle ook gesê waar sou die vergadering plaasvind? -- Ja.

Op 5 Augustus 1984 was die vergadering toe gehou? -- Ja, dit was.

Wie het die mense toegesprek op die vergadering? -- Ene Edwin Mofokeng.

Wie is hy? -- Hy is 'n raadslid by die "ward" net langs myne. (30)

HOF : Noem dit maar die wyk. -- Ja, die wyk.

... / MNR. JACOBS

Dan het jy ook gesê op 'n vraag van My Geleerde Vriend dat op die vergadering van die 16de het jy die eerste keer gehoor van VCA. Wat bedoel jy daarmee? Dit is die vergadering op 16 Augustus 1984? -- Daarby het ek bedoel dat dit was die eerste keer hierdie dag op hierdie vergadering dat ek verneem het van die bestaan van die VCA komitee, want die komitee waar ek gedien het, was die Civic Association komitee.

HCF : Laat ons net duidelikheid kry. Het u voor daardie dag geweet dat daar so 'n ding is soos die VCA? -- Nee, glad nie.

Ook nie in ander gebiede nie? -- Nee, glad nie. (10)

MNR. JACOBS : Wat het jy dan die dag verneem van die VCA op 16 Augustus 1984? -- Dit was verduidelik daar in hierdie vergadering dat daar 'n ander organisasie bestaan met die naam van VCA. In hierdie verduideliking was dit gesê dat hierdie is die organisasie wat betrekking het in daardie omgewing.

Wat bedoel jy met betrekking het in daardie omgewing? -- Hulle het gesê dit is die organisasie wat help aangaande die huurgelde. Dit is die Vaal Civic Association.

Het hulle nog iets gesê? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie. (20)

Het hulle vir jou verduidelik wat die doelstellings van die VCA was? -- Nee, ek weet nie. Ek weet nie eers wat hulle grondwet is nie.

Dan is daar nog die kwessie van die gesamentlike vergadering wat gebiede 3 en 7 sou gehou het op 26 Augustus. Kan jy vir ons sê, jy het genoem jy was op drie vergaderings gewees, die 16de, die 21ste en die 24ste - 23 Augustus, drie vergaderings wat jy bygewoon het. Kan jy onthou op watter een was besluit dat julle gaan 'n gesamentlike vergadering hou, 'n massavergadering op die 26ste Augustus? -- En die 23ste? (30)

HCF : Of die 23ste of die 24ste. Dit was wat die getuie

... / genoem

genoem het die "private meeting"? -- Die 24ste was daardie een. Dit was in die vergadering van die Vaal Civic Association.

MNR. JACOBS : Wanneer was hy? -- In die vergaderings wat ek bygewoon het by Vilakazi in Gebied 7, dit is waar hierdie VCA toe bespreek was, dat 'n VCA vergadering gehou gaan word op die 26ste te Small Farms.

My vraag was wanneer is daar besluit op 'n gesamentlike vergadering vir Gebied 3 en Gebied 7? -- Dit was op die 24ste.

ASSESSOR (MR JOUBERT) : Yesterday in your evidence you mentioned the Fawla Bus terminus? -- That is correct. (10)

You passed the Fawla bus terminus before you heard the shots? -- That is true.

Do you know more or less where councillor Caesar Motjeane's house is? -- No, I do not know at all.

When you heard the shots, did you immediately turn to your right and go into the veld? -- The position is that while we were walking towards the passage, that is the lane, in that vicinity the group emerged running from this lane and the shots were heard by me in the direction from where the group came. That is when I decided to run away. (20)

And in which direction did you then run? To your left, to your right or straight ahead?

COURT : Or backwards? -- I ran backwards.

ASSESSOR (MR JOUBERT) : From where you took refuge in the veld, you never returned to the tarred road and again went straight ahead after or behind the march? -- No, I did not, because the people had dispersed already.

So, where did you go from there from the veld where you took refuge? -- I went in the direction of my home when I met Hlanyane. (30)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ek wil u terugneem na die eerste dag

... / toe

toe u getuienis gegee het in hierdie hof. U sal onthou dit het gegaan oor die ontstaan van die komitee daar in die gebied aan die begin van die samesprekings? -- Ja.

Oor die propaganda vir die vergadering van die 26ste? -- Ja.

En dan het u op die vergadering van die 26ste gehoor wat die sprekers vertel het? -- Ja.

Ek meen dat u daarvan bewus is dat die getuienis wat u op die eerste dag gegee het, heelwat verskil van getuienis wat later onder kruisondervraging na vore gekom het? Ek wil (10) vir u die detail gee van wat u gesê het wat mev. Mokoena in haar toespraak sou gesê het. Die vraag is deur die advokaat vir die Staat aan u gevra "Het sy iets gepraat oor die huurgelde, of dit betaal moet word of nie?" Kan u die vraag onthou? -- Ja, ek onthou die vraag.

Kan u ook onthou dat u toe gesê het "Ja, ek vra om ver-skoning, dit het my net ontgaan, sy het daarvan gepraat dat die huurgelde nie betaal moet word nie"? -- Ja, dit is reg.

Die volgende vraag was "En enigiets gemeld omtrent die raadslede?" Kan u die vraag onthou? -- Ek kan nie meer die (20) vraag onthou nie.

Wel, dit staan hier in die oorkonde van die opname wat die dame daar mee besig is. Die vraag was wel gevra. Die antwoord, kan u dit onthou? -- Bedoel u die antwoord op die vraag wat gevra was aangaande mev. Mokoena?

Ja en het sy enigiets gemeld omtrent die raadslede, was die vraag? Kan u die antwoord op daardie vraag onthou? -- Ja, ek onthou my antwoord was ek het haar nie gehoor praat van die raadslede nie.

Inteendeel, u het gesê "Ja, sy het iets daaromtrent (30) gesê." U is gevra om voort te gaan en u het uit u eie die

... / volgende

volgende gesê "Sy het gesê as hulle nie die werk bedank nie, is al wat oorbly hulle behoort gedood te word." U sal ook onthou die mense hier in die hof het gesnak na hulle asems en die Hof het met hulle daaroor gepraat dat hulle nie so demonstratief moet wees nie. -- Toe ek dit gesê het, was dit nie dat ek gepraat het oor wat mev. Mokoena gesê het nie. Ek het verwys na 'n vroumens wat daardie woorde gebesig het wat eenkant was toe daardie ander manspersoon wou gepraat het.

Dit is nie wat hier in die rekord staan nie. U is ook bewus daarvan dat u daarna by verskeie geleenthede toe mnr.(10) Bizos u daaromtrent gevra het, ontken het dat enige ander vrou behalwe hierdie een wat u nou laas na verwys het, iets gesê het omtrent geweld? -- Ja, ek onthou my antwoord was nee. Dit is hoekom ek nee gesê het.

Korrek, u het toe nee gesê. U sê u is 'n priester, 'n biskop? -- Ja.

En u sê u het tot op 'n stadium aan die mars deelgeneem en toe vir uself daarvan gedistansieer omdat u maar 'n bangerige persoon is? -- Dit is so.

U het 'n eed afgelê om die waarheid te praat in die hof? --
(20)
Ja, dit is so.

Maar u het baie beslis hier uit twee monde gepraat. Hoekom het u eers baie duidelik gesê dat Rina Mokoena gesê het die raadslede moet doodgemaak word en daarna dat sy niks gesê het nie? Wat is die rede? -- Wat ek gesê het oor mev. Mokoena was dat toe sy gepraat het van bangheid van manspersone aangaande bewysboekies.

Ja, ek gaan nie herhaal nie, want ek het presies aan u voorgelees wat u gesê het. Dit is beslis nie al wat u gesê het van mev. Mokoena nie. Is daar enige rede, enige ver- (30)
klaring wat u wil gee aan die Hof van waarom u hierdie twee

... / teenstrydige

teenstrydige verklarings onder eed afgelê het? -- Wat ek kan sê is is dat ek miskien die goed verwar het.

U het ook vergeet om melding te maak van die insident rondom die sogenaamde "councillor" wat 'n geleentheid gevra het om te praat? -- Wat vergeet?

Toe u spesifiek daarom gevra is, het u gesê - ek het dit nie opgeslaan nie, want dit is nie baie belangrik nie - u het nagelaat om dit te sê dat daar 'n ander insident was waar 'n man opgestaan het en probeer praat het en dat die man toe dood geskreeu is? -- Ja, dit is so. (10)

Dit het ongeveer agtien maande gelede gebeur. Is alles vir u nog mooi helder voor die gees? -- Dit is juis die punt wat ek gemaak het. Ek het gesê ek onthou van party van die goed en party kan ek nie onthou nie.

Wat Esau Raditsela gesê het op die oggend voor die mars terwyl hy binne-in die gebou was - ek dink amper mnr. Bizos het hierdie behoorlik gedek. Ek sal u nie hieroor vra nie. Ek wil vir u vra oor die woorde van Esau Raditsela by die steeg. Daardie deel van die oorkonde is ongelukkig nog nie getik nie, maar wat u vir die Hof gesê het wat ek genotuleer(20) het hier is nie heeltemal vir my mooi duidelik nie. Wat presies het Esau gesê toe die mense van voor af uit die steeg uit nader hardloop en praat van die honde wat skiet of van die raadslede wat besig is om te skiet? Wat presies het hy gesê? -- Sy woorde was "Kom ons/julle gaan." Ek het toe nie geweet of hy bedoel ons moet soontoe gaan, of voortgaan met die mars nie, maar ek het toe gevlug.

HOF : Mnr. Die Tolk, ek wil dit net opklaar. In Engels het u die woorde vertolk as "Let us go." In Afrikaans het u dit in hoofgetuienis en nou vertolk as "Kom ons/julle gaan." (30)
Is dit dieselfde?

TOLK : U Edele, in die gebruik van die woord deur die getuie is dit dieselfde in die sin is die getuie die persoon wat die woorde besig. Ariyeng, beteken "Kom ons/julle gaan." Toe hy gevra was in Engels toe ek dit oorgetolk het, ek weet nie of die Hof dit opgemerk het nie, maar die getuie het op 'n stadium begin antwoord voordat ek begin praat het. Met die gevolg is dat ek dit wat hy gesê het begin tolk het omdat hy alreeds begin praat het. Dit is dieselfde op die manier wat dit gebruik was deur die getuie.

HOF : Maar wat u betref, die Afrikaans en die Engels is (10) dieselfde? Dit is dieselfde woord? --

TOLK : Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Wat ons nie verstaan nie is "Kom ons/julle gaan." "Kom ons gaan" is vir my duidelike Afrikaans. Wat bedoel die getuie as hy sê "Kom ons/julle gaan"?

TOLK : Die getuie gebruik die woord op 'n stadium met 'n meervoud. Dit is hoekom ek dit altyd ingesluit het in my vertolking van "Kom ons/julle gaan." Dit is omdat die getuie 'n meervoud gebruik het in daardie sin. As die persoon, die getuie, 'n enkelvoud gebruik het in daardie sin, dat die persoon gesê (20) het "Kom ons gaan", sou ek "kom ons gaan" gebruik het.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Met ander woorde die "ons/julle" is een begrip?

TOLK : Dit is een begrip.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Sou 'n mens dit behoorlik in Afrikaans kon vertaal deur 'n uitdrukking soos "Kom julle, laat ons gaan"?

TOLK : Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit korrek? "Kom julle, laat ons gaan"?

TOLK : Ja. (30)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Anders maak dit nie sin nie.

You will remember that while you were being questioned by Mr Bizos, you were asked about your impressions of the feelings of the people at the meeting on the 26th? -- Yes, he did ask me about that.

And his questioning in this respect was about the feeling of the people at the meeting immediately after the incident where this alleged councillor was shouted down? -- That is true.

You said approximately the following "I would say that the general feeling of the people sitting at the back of (10) the meeting was compatible with violence I would say and not of those people at the front"? -- That is what I said.

Could you please inform His Lordship why you say that? What happened? -- That I can explain in the following way. As a leader of the people, say something happens which excites the people and they feel excited about what is happening, you as a leader would not immediately be taken up in the same way the people are being taken up.

What happened to make you draw a distinction between the people sitting at the back of the meeting and those sitting (20) in front of the meeting? What happened? -- I find it difficult to explain the difference, what made we make the distinction between the two. I am not able to explain that. It may be that we were not taken up as those people there.

COURT : Are you contrasting the people on the "platform" with the people in the hall or are you contrasting the back of the audience with the front of the audience? -- By that I mean I am talking about the people who were at the tables as the people who were not taken up. Otherwise when I talk about the people at the back, I mean the audience as a whole. (30)

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : Was it the audience as a whole that was

... / taken

taken up and not only that part of the audience sitting right at the back? -- That is correct. I was talking about the audience as a whole.

And the incident around this alleged councillor, Mr Masinya, this was right in the front of the audience? Near the platform? -- Yes.

For a bishop and a priest you told the Court something which I would personally regard as rather a shocking statement, coming from a priest? You said that if a person would over-charge you even one cent, you would be prepared to kill (10) him? -- Yes, that is what I said.

Is that compatible with you being a bishop, a priest, a christian? -- That I did make mention of but not with reference to myself as a person, a christian. What I meant was, a person who will be prepared or who is always in a fighting mood or a violent person, could kill someone for a cent, not necessarily meaning myself.

That is not the impression I had before. The impression I think that you left the court with is that you yourself will be prepared to kill for one cent? -- The question from Mr (20) Bizos was even if a person has cheated you with a cent, would you be prepared to kill that person. Then in reply to that question I said, not necessarily meaning myself, that a person who is violent will be prepared to kill someone for a cent, because then that person would have worked for that cent.

And on another occasion you did tell the Court that you are not a violent person and that you steer away from shooting and violence? -- That is correct.

Which is the real Reverend Mahlatsi, which one? The one who kills for one cent or the one who steers away from (30) violence?

... / COURT

COURT : You need not answer that question.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : I withdraw that. You told the Court that you sang with the audience the song about being a soldier for Mandela, because you wanted to identify yourself? -- That is so.

With what did you mean to identify you on that occasion? -- I will have to refer to scriptures in answering this question. I will therefore ask the Court to pardon me.

What scriptures would you like to refer to? -- If you read in the Bible there is a portion where they talk about a (10) person who had a call and that person must come in the way he had been called and that person must do what is being done where he is called to. That is how I had to do what these people were doing there, the owners, in the way they were doing it, because that would mean that if I was not doing what they were doing at the time, I was undermining what they were doing.

And what were they doing? -- They were singing this song about being soldiers of Mandela and I then decided that I must take part and sing with them. Everybody was singing and (20) if I was the only one who was going to sit down, then It would mean I undermine them.

I think that you made yourself clear on that. There is only one other matter that I would like to ask a question about. Just before you came to the lane, you said that quite a number of people, a group joined from the direction of Evaton? -- That is true.

And then you also said that is excluding the group that came from the opposite end.-- It is before even they emerged.

This first group, from where did they come? -- From the (30) direction, that is the side of Evaton. That is the side of

... / Zone

Zone 12, which is almost opposite or in the immediate boundary of Evaton.

From what side of the direction of the march did they come from? -- From the right.

More or less where did they join up with the march? -- Just before passing the BP Garage.

COURT : Is the BP Garage next to Zone 12 or is the BP Garage still in Evaton and before you get to Zone 8? -- This is in Zone 12.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : Could you give an estimate of how (10) many people they were? -- I would be telling lies if I were to give an estimation of the number of people who were in that group, because they joined the march and without me having taken any notice as to pay attention as to what number they are.

We have a group of people in court at the moment. If you count in all the twenty-two accused and the people sitting at the back, can you more or less compare this group of people to that group, by way of comparison? -- It was more than the group of the people I see in court including the accused.

Twice as many? -- Yes, twice as many as this. (20)

So, it is quite a large group of people? -- Yes.

COURT : The number of people in court is between 30 and 40.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : In what way did they join in the march? Did they join inside the march at a certain spot or did they filter in between the people in the march or what did they do? -- The infiltrated the march from all over. For instance some got into the march in front of me, some in the same row where I was, some behind me, some went up to as far as the people who were holding the placards.

And you were in the third row originally? -- That is (30) true.

... / Did

MNR. JACOBS : Wie nog? -- Ek het ook die mense toegesprek.

So, julle twee is dan die raadslede wat daardie gesamentlike vergadering gehou het? -- Ja.

Was daar mense van altwee die wyke se belastingbetalers om hulle so te noem of inwoners op die vergadering? -- Ja, ek aanvaar dit so, want die kantoor wat ek van praat is die kantoor van die drie wyke daar in Zone 3.

Hoe groot was die opkoms gewees? -- Ek kan nie 'n getal gee nie, maar ek kan sê hulle was baie.

Kan jy 'n skatting maak naastenby? -- Ek skat dit onge-(10)veer tussen vyf- en seshonderd.

Wat het jy verduidelik aan die mense? -- Ek het aan die mense verduidelik dat dit wat hulle versoek het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wat het hulle versoek? Jy moet meer besonderhede gee. Wat is die dit wat hulle versoek het? -- Die belangrikste was die elektriese krag in die huise, die "high mast", want hulle kla as hulle in die môre opstaan is dit donker, die paaie wat meeste van die tyd in 'n baie swak toestand is omdat dit geteer is nie en die dam wat na bewering nou twee kinders (20) laat verdrink het wat omhein moet word.

Die sportstadion en die ander goed, die creche? -- Daar was ook melding daarvan gemaak al was dit nie in hulle wyk gewees nie, maar ons het genoem dat dit ook besluit was.

Wat het jy vir die mense omtrent hierdie projekte verduidelik? -- Ek het aan die mense verduidelik dat om dit te kan voltooi soos versoek, het ons R20 miljoen nodig.

Ja en nog? -- En toe verder vir hulle gesê om die geld te kan terugbetaal vanwaar ons dit gaan kry, sal dit nodig wees vir 'n verhoging van huurgelde met 'n bedrag van R5,90 (30) per huis.

... / En

En die ander raadslid, wat het hy verduidelik? -- Ek sal sê dat hy ook maar dieselfde in sy toespraak gesê het, want ons was daar bymekaar gewees reeds vir daardie doel.

Die publiek, die toehoorders, hoe het hulle dit aanvaar? -- Hulle het dit so aanvaar soos dit aan hulle gestel was, behalwe een persoon wat 'n aanduiding gegee as gevolg van wat die persoon gesê het dat hy nie tevrede is nie.

Weet u wie is die persoon? -- Ja, dit was ene Mthinkulu teen wie ek al gestaan het as kandidaat vir 'n verkiesing. Hy kon dit nie maak nie. (10)

Jy sê die mense was tevrede met hierdie voorstel van jou. Was hulle tevrede om meer belasting te betaal? -- Ja, by hierdie vergadering wat ek daar gehou het, was die mense tevrede gewees, want toe hulle gehoor het dat daar voldoen gaan word aan hulle vereistes op dit wat hulle gevra het, het hulle dit so aanvaar.

Hoe het hulle hulle aanvaarding te kenne gegee? Kan jy vir ons sê? -- Dit het hulle woordeliks gedoen deur te sê dat hulle tevrede is, soos volg. Hulle was tevrede as hierdie vereistes gedoen gaan word soos versoek. (20)

Het julle toe op daardie vergadering vir hulle gesê wanneer julle beoog dat hierdie verhoogde huur in werking sal tree? -- Ja, ons het dit aan hulle verduidelik.

Hoe het julle aan hulle verduidelik, wanneer? -- Op hierdie selfde vergadering van die 5de was dit aan hulle verduidelik.

Wanneer sou die verhoogde huur dan in werking tree? -- Ons het gesê met ingang 1 September.

Was hulle ook daarmee tevrede? -- Ja, hulle was tevrede.

En is die vergadering toe daar uiteen? -- Voor die (30) vergadering uitmekaar gegaan het, na aanleiding van Mthinkulu

... / se

se woorde wat vir my 'n aanduiding was dat hy nie tevrede is nie, het ek aan die gehoor gesê indien hulle voel dat hulle nie tevrede is nie, is hulle geregtig om 'n petisie te skryf en dit deur te stuur na die stadsklerk toe.

Het jy gesê wat sal gebeur as so 'n petisie ontvang word? -- Ek het aan hulle gesê dit sal beteken dat hulle nie tevrede is nie of hulle aanvaar nie hierdie verhoging nie. Met die gevolg is die projekte sal moet wag en niks sal gedoen word nie. Selfs die verhoging sal ook nie voortgaan nie.

Is julle toe uiteen? -- Ja. (10)

Het julle ooit so 'n petisie ontvang op enige stadium na hierdie vergadering? -- Nee, ons het dit nie ontvang nie.

Na 5 Augustus 1984 het u agtergekom of het u opgemerk dat daar georganiseer word in die woongebiede? -- Ek het opgelet dat daar vergaderings was wat gehou word te Sharpeville.

Het jy enige van die vergaderings besoek? -- Nee.

Het jy enige pamflette of ander dokumente gesien wat versprei was in die woongebiede in daardie tyd? -- Ja, ek het.

Wat was die geaardheid van hierdie pamflette en deur is hulle uitgegee? -- Ek weet nie wie die skrywer daarvan (20) was nie, maar dit was geskryf en dit was versprei in die strate te Sharpeville.

Wat was die inhoud daarvan wat u opgemerk het? -- Die woorde wat ek gesien het was geskryf of afkomstig van Asinamali. Die raadslede moet bedank. Hulle aanvaar nie die verhoging van die geld nie. Dit is al wat ek kan onthou.

As gevolg van hierdie verwickelinge wat daar nou gekom het na die vorige vergadering, wat het die Raad toe besluit? -- Ons het die stadsklerk, mnr. Ganz, die hoofdirekteur en mnr. Lawrence van die sekuriteit by die Ontwikkelingsraad (30) op hoogte gehou van wat nou gebeur.

... / Het

Het julle as raadslede enige besluit geneem om weer na die publiek toe te gaan? -- Nee.

Het julle enige vergaderings gehou waarna die publiek uitgenooi was? -- Ja, te Bophelong op 29 Augustus.

Hoe het dit gekom dat julle op hierdie vergadering besluit het? -- Dit is omdat die raadslede geen vergadering daar gehou het op die 5de nie.

Het julle toe besluit om in Bophelong 'n vergadering te hou? -- Dit is reg.

Waar is hierdie vergadering gehou op 29 Augustus 1984? (10)
-- In die saal van Bophelong.

Is die vergadering geadverteer voor die tyd? -- Ja, die superintendent se bakkie was gebruik met die luidspreker om die mense te verwittig van hierdie vergadering.

Waar is die adverteerding gedoen? -- Die bakkie het in die lokasie deurgery en orals daar en daar was toe woorde gebesig oor die luidspreker.

As jy sê in die woongebied of in die lokasie daar, is dit nou in die hele woongebied of is dit net in Bophelong? -- Aangesien die vergadering bedoel was vir mense van Bophelong, (20) was dit net vir mense in Bophelong gewees.

HOF : Behalwe nou vir die vergadering in Bophelong, wat laat gehou is, eers op 29 Augustus, is in al die ander wyke en afdelings vergaderings gehou op 5 Augustus? -- Ja.

MNR. JACOBS : Die vergadering van die 29ste, is hy toe gehou op die 29ste? -- Ja, ons het die vergadering gehou.

Hoeveel raadslede het gegaan om daardie vergadering by te woon of te praat? -- Dit was 'n klompie van hulle. Ek sal net die name noem van die mense wat ek nog kan onthou. Dit was eksself, ene Majoro, dit is eintlik die burgemeester. (30)

HOF: Wat is die burgemeester se van? -- Mahlatsi. Paul

... / Mahlatsi

Mahlatsi.

Is dit die burgemeester of iemand anders? -- Dit is iemand anders. John Mqocina, Ramakgule, Mpolenyane, Skobane, Majila, Posisi, Mofokeng, Dit is die mense wat ek op die oomblik kan onthou.

Hoe groot is jou raad? Hoeveel lede het julle raad? -- Destyds was dit nege-en-dertig.

MNR. JACOBS : Op die vergadering, toe julle daar was, was daar 'n groot opkoms van mense? -- Ja, die saal was vol sowel as daar buite die saal. (10)

Toe die vergadering nou 'n aanvang neem, wie het toe begin verduidelik vir hulle of wat het toe gebeur? -- Dit was so gereël gewees dat die burgemeester die persoon is wat daar gaan praat. Die raadslede van Bophelong sou ook toesprake gemaak het daar. Hulle is in die saal in. Ek en die ander byvoorbeeld het daar buite gebly.

Waar het julle gebly? Was julle by 'n deur of waar? -- Ons het net hier voor die deur gestaan. Eintlik wat van belang was vir ons daar was om na die voertuie te kyk.

En toe? Kon julle hoor en sien wat aangaan binne? -- (20) Ek het niks gehoor nie.

Wat gebeur toe daar? -- Terwyl ons daar was en daar 'n toespraak gelewer was in die saal, het die ligte afgegaan.

Voor die ligte afgegaan het, hoe was die gehoor gewees? Was hulle kalm en stil of hoe was dit binne-in die saal? -- Daar was af en toe 'n geraas gewees binne-in die saal, wat ek nie kon gehoor het waaroor dit gegaan het nie.

Jy sê die ligte het skielik afgegaan en toe? -- Die polisie het toe die saal binnegegaan.

Toe die ligte afgaan, wat doen die mense binne-in die (30) saal? -- Die mense het die saal verlaat. Eintlik uitgevlug.

... / Hoekom

Hoekom sê jy hulle het uitgevlug? -- Ek dink eintlik die rede hoekom hulle uitgevlug het, is omdat dit donker was in die saal. Hulle het nie geweet wat gaan gebeur nie. Hulle het eintlik mekaar gedruk om uit te kom by die deur.

En toe? Waar was die polisie? Jy het nou gemeld die polisie het ingegaan. Waar was die polisie toe op daardie stadium? -- Toe die ligte afgegaan het, het die polisie onmiddellik die saal binnegegaan met die oog daarop om die burgemeester en die raadslede daar te gaan uitkry.

Watter polisie is dit? Suid-Afrikaanse Polisie? -- Ja, (10) Suid-Afrikaanse Polisie.

Waar was hulle voor dit, direk voordat hulle ingegaan het? -- Hulle was daar buite.

Kan jy vir ons sê waar hulle was daar buite? Buitekant die perseel of buitekant in karre of waar? -- Hulle voertuie was net buite die saal geparkeer gewees. Hulle het by die voertuie gestaan.

Wat gebeur toe verder? -- Toe die mense daar uitgekom het, was die volgende ding net klippe gewees. Voertuie was met klippe bestook. (20)

Watter voertuie? -- Die voertuie waarmee ons soontoe gery het.

Ja en toe? -- Die polisie het hierdie voertuie beskerm en ons begelei uit daardie woonbuurt uit.

Wat het van die mense geword wat klippe gegooi het? -- Hulle het voortgegaan met hierdie klippe van hulle deur te gooi met die klippe.

Wie is die mense wat die klippe gegooi het? -- Dit is die gemeenskap wat daar teenwoordig was.

Was daar enige kenmerke aan hulle, aan kleredrag of (30) iets van die aard? -- Ja, hulle het gewone burgersklere

... / aangehad

aangehad.

Ja en toe, wat doen julle toe? Julle is daar uit, die polisie begelei julle? Is daar van die voertuie beskadig? -- Ja, Skobane se voertuig was beskadig. Die venster was stukkend. Die voertuig wat die burgemeester mee gery het, was ook met 'n klip geraak en Caesar Motjeane se voertuig.

Was Caesar ook op die vergadering? -- Ja, ek het vergeet om melding te maak van hom. Hy was ook daar.

Ja en toe? -- Ons is uit die lokasie uit terwyl hulle ons gejaag het met hierdie klippe en die polisie het ons (10) beskerm.

Waarheen is julle toe? -- Ons het toe daar buite die lokasie gewag en die polisie het die raadslid Mqcina begelei na 'n plek toe waar hy sy besittings moes gaan haal het, want hy woon in Bophelong.

Hoeveel polisie was daar gewees? Hoe groot polisiemag? -- In getal sal ek nie kan sê hoeveel hulle was nie, maar hulle was daar teenwoordig. Buite die lokasie was daar 'n bus gewees wat hulle mee gery het. In die lokasie self het hulle met drie bakkies gery. (20)

Na die polisie julle toe buitekant toe geneem het, is jy na jou huis toe terug? -- Ons het eers daar gewag tot Mqcina se besittings gebring was. Ons is toe daar uitmekaar.

Is jy huis toe? -- Ja, ek is huis toe.

Het daar enigiets by jou huis gebeur? -- Nee, niks nie.

Na hierdie voorval en 3 September het daar enigiets gebeur met jou of met jou huis ... (Hof kom tussenbei)

HCF : Ons is nou besig met die 26ste, 29 Augustus, nie 3 September nie.

MNR. JACOBS : Ek sê tussen 29 Augustus en 3 September (30) 1984 of daar iets gebeur het by hulle? -- Nee, niks het gebeur

... / nie

nie.

Op 3 September, die oggend, was jy by jou huis gewees. Het jy opgestaan? -- Ja, ek het my huis verlaat om 06h30.

Is jy seker van die tyd of is dit 'n geskatte tyd of het jy gekyk hoe laat dit is? -- Dit was 06h30 die oggend.

Waarheen was jy toe op pad? -- Ek was op pad na die burgemeester toe.

Jou familie was hulle by die huis gewees? -- Ja, hulle was tuis.

Het jy hulle daar agtergelaat? -- Ja. (10)

Terwyl jy op pad was na die burgemeester se huis toe, waar is sy huis? Kan jy net vir ons sê? -- Zone 11.

Terwyl jy soontoe met jou voertuig gery het, wat het jy opgemerk? -- Met my aankoms te Zone 7 het ek opgelet dat die inwoners daar heen en weer beweeg.

HOF : Waar het dit plaasgevind? -- In Zone 7 het dit plaasgevind. Daarby bedoel ek daar was meer mense in die strate as wat dit normaalweg die geval is. Ek kan verder sê hulle was nie besig om iets te doen nie, maar hulle was baie.

MNR. JACOBS : Het hulle net gestaan in die strate? -- (20)

Ja, die meeste van die mense het net daar gestaan. Die grootste aantal mense wat daar was, was ou mense gewees wat 'n mens sou verwag het wat op daardie tydstip alreeds by die werk moes gewees het.

Wat is nou ou mense? -- Ek praat van mense van my ouderdom.

HOF : Hoe oud is u? -- 40.

MNR. JACOBS : Die mense het hulle beweeg na 'n sekere plek toe? -- Die mense was uit die erwe uit en in die straat gestaan, dit wil sê aan die straat se kant van die omheining. (30)

Kon jy daar tussen hulle deur ry en het jy deur hulle

... / gery

gery? -- Ek het deurgery.

Het enigiets gebeur? -- Nee.

Waarheen is jy toe? -- Ek het voortgegaan op pad na Zone 11 toe.

K131 En toe? -- By Zone 12, dit wil sê voor jy by Zone 11 kom, op 'n distansie het ek opgemerk dat in die nabyheid van 'n garage in Zone 12, dit is Moloantoa se garage, rook was.

Wat se rook het jy opgemerk? Waar was die rook gewees? -- 'n Mens kon nie van so ver af sien wat se rook dit was nie. Dit was 'n bietjie rook wat op die teervlak van die straat (10) was. Die pad wat ek van praat is 'n hoofpad en die mense wie se huise geleë was by hierdie hoofpad het toe op my geskreeu. en vir my gesê ek moenie soontoe ry nie, want as ek met 'n voertuig deur ry in daardie rigting, gaan die voertuig beskadig word, want die polisie het alreeds traangas geskiet daar.

